LAURIKA RAUCH

VIER SEISOENE KIND

SELBCD 435

"Sy roep my in die rigting van haar hart
waar die wintervure brand
en die nagte vir die somer lê en wag..."

Uit: VIER SEISOENE KIND
©Woorde en musiek: Gian Hanekom

'n Nuwe album van Laurika Rauch is altyd 'n groot geleentheid, nie net omdat jy "in die rigting van haar hart" móét luister nie, maar ook omdat sy gemaklik met elke nuwe cd 'n treffer of twee het, bereid is om te waag en haar gehoor saam met haar te neem. Kaartjies vir haar verhoogvertonings, (haar eerste liefde), verkoop gewoonlik uit, soos by verlede jaar se Klein Karoo Nasionale Kunstefees, waar kaartjies vir haar 6 optredes die vinnigste uitverkoop het.

Laurika Rauch se sangloopbaan het in 1978 afgeskop op die golf van haar Koos du Plessis-treffer, "Kinders van die Wind". Sy skryf haar sukses ondermeer toe aan die feit dat sy soveel ondersteuning van Chris, haar man en haar kinders, Simon en Nina, ontvang. Sy sê verder dat die steeds besonderse liedjies wat sy van liedjieskrywers kry om te sing, die drie musikante met wie sy op die verhoog saamwerk (Wouter van de Venter(kitaar en sang), Leon Ecroignard (baskitaar, verskeie ander instrumente en sang) en Clinton Waring (klavier, klawerbord en sang) en buitengewone mense soos Peter M^{c}Lea en Deon Opperman, 'n groot inspirasie is vir haar.

Ofskoon Laurika gewoonlik verkies om so veel as moontlik oorspronklike liedjies op te neem, het **Vier Seisoene Kind** haar hierdie keer in 'n ander rigting laat beweeg. Toe sy aan die "Kom Laat ons Sing" Kyknetreeks (wat nou by laurika Rauch produksies bestel kan word – sien die winkelwaentjie ikoon) begin werk het, het Johan Badenhorst haar die idee gegee om ondermeer van haar gunstelingliedjies van ander sangers op te neem. So het sy dus "'n Man Stap", Vier Seisoene Kind", Krisjan Swart", Solly en Ma"; Victoriabaai" en "As almal ver is" opgeneem en nou ook haar eie stempel op hierdie reeds bestaande liedjies afgedruk.

Meer oor die liedjies op **Vier Seisoene Kind:**

1.	'n Man stap	David Kramer
2.	Turn on the light	André Swiegers
3.	Vier seisoene kind	Gian Hanekom
4.	Krisjan Swart	David Kramer
5.	Ek sê vir jou good bye	Meryl van Noie/ M van Zyl
6.	Jy is ver	Lize Beekman
7.	Solly en ma	Coenie de Villiers
8.	Deur die oë van 'n kind	Louis Brittz
9.	Ek en jy	Karen Zoid/Dave Manchip
10.	Victoriabaai	Lucas Maree
11.	Kom sny die papaja *(Circa 2002)*	Alet Engelbrecht/ Laurika Rauch
12.	Dans in die maanlig	Mynie Grové
13.	As almal ver is	Koos du Plessis
14.	Halfpad om die son	Christopher Torr

1. **'n Man stap** David Kramer

In Desember 2001 het Laurika tesame met Stef Bos, Frank Boeijen en Denise Jannah – aldrie sanger/liedjieskrywers van Nederland - sowel as Koos Kombuis, David Kramer, Taliep Petersen en Ray Phiri, gewerk aan "Ons Kruis Paaie" wat by die Oude Libertas Amfiteater in Stellenbosch opgevoer was. Laurika beskryf die proses om die produksie bymekaar te sit as 'n "onvergeetlike ervaring", terwyl Die Burger van 8 Desember 2001 die volgende gesê het :

"…sowat van aangrypende kruisbestuiwing het lanklaas hier op 'n verhoog gebeur. 'n Mens kan seker wees dat Ons Kruis Paaie 'n rimpeleffek tot gevolg sal hê wat nog lank gevoel sal word -…teen die einde van Ons Kruis Paaie besef 'n mens dat jy 'n getuie was van een die belangrikste musiekgebeure van die afgelope dekade."

In hierdie einste produksie het Laurika " 'n Man Stap" as 'n duet saam met David Kramer gesing. Sy móés eenvoudig die liedjie op haar album gebruik.
Peter M^{c}Lea het sy verwerking gebaseer op verskillende instrumente (klavier, kitaar, viole en mondfluitjie) wat elkeen sy eie atmosfeer weergee. So byvoorbeeld versinnebeeld die mondfluitjie vir hom 'n atmosfeer van isolasie en verwydering, maar nie van eensaamheid nie.

2. **Turn on the light** André Swiegers

André Swiegers het oor die jare 'n paar juwele aan die plaaslike musiekbedryf geskenk – dink maar aan die trefferliedjies wat hy ondermeer saam met Coleske geskryf het – maar in Laurika se repertoire, staan veral "Blou" uit. Met "Turn on the Light" het hy vir haar nog 'n klassiek gegee om te sing.

3. **Vier seisoene kind** Gian Hanekom

Omdat "Vier Seisoene Kind" eintlik as 'n liefdesliedjie uit 'n man se oogpunt geskryf is, behoort dit streng gesproke nie te werk as 'n vrou dit sing nie. Laurika sê egter dat so 'n mooi liedjie deur almal gesing moet kan word. Wanneer sy dit op die verhoog doen, sing sy dit soos 'n ma dit miskien vir 'n tienderjarige dogter sal sing. Dit is die een liedjie wat nie deur Peter M^{c}Lea verwerk is nie. Sy doen dit soos wat sy dit gewoonlik saam met haar orkeslede, Wouter van de Venter, Leon Ecroignard en Clinton Waring, op die verhoog doen.

4. **Krisjan Swart** David Kramer

Johan Badenhorst het haar aan hierdie liedjie wat op David se eerste album - **Bakgat** – was, herinner. Die liedjie werk ook baie goed op die verhoog. Vir Laurika is dit so 'n geëtste skets wat amper "South African Gothic" genoem kan word.
Peter M^{c}Lea sê: Die liedjie het homself eintlik verwerk omdat dit so sterk geskryf is. Aan die einde van die liedjie kan die kraak van die traporreltjie nog gehoor word, maar hy het besluit om dit te laat aanhou kraak, omdat dit klink soos Krisjan en Wilmina se rystoele waar hulle op die stoep sit.

5. **Ek sê vir jou good bye** Meryl van Noie/ M van Zyl

Die liedjie het by verlede jaar se ATKV Liedjieskryf Werkswinkel ontstaan. Daar is mense wat reeds sê dat dit 'n treffer is.
Peter het met die verwerking probeer om die bitter-soet romantiese balans van die liedjie te behou.

6. **Jy is ver** Lize Beekman

Vars van Laurika se vorige album – **Hei mevrou Brown (dit gaan goed)** – waarop Lize se onvergeetlike "'n Sonneblom uit Bethlehem" was, het Laurika hierdie byblywende nuwe liedjie van

Lize Beekman gekry om te sing. Peter M^{c}Lea het die baskitaar meer as ‘n melodiese instrument gebruik. Die herhalende patrone van die instrumente is aangewend om dit ‘n atmosferiese afrika-*montage* te maak.

7. **Solly en ma** Coenie de Villiers

Toe Laurika die regisseur was vir Coenie se Fm Blues, het sy die liedjie die eerste keer gehoor. Dis van toe af al dat sy dit self ook wil sing. Peter het Coenie se verwerking probeer behou, maar die mediterreense dans in sy agterkop gehad toe hy die joodse klank (viool) en die boer (traporrel) elemente laat saamspeel het.

8. **Deur die oë van ‘n kind** Louis Brittz

Louis Brittz het Laurika op ‘n dag geskakel en gesê dat hy ‘n liedjie het wat hy in sy vertoning “Angel” , gebruik, maar wat ook as ‘n sekulêre liedjie kan staan. Laurika het die kans onmiddellik aangegryp om “Deur die oë van ‘n Kind” op te neem. In sy misleidende eenvoud, is dit vir haar ‘n baie betekenisvolle liedjie. Peter M^{c}Lea het pas vir die eerste keer ‘n pa geword en daarom kon hy hom vereenselwig met die liedjie. Hy het die berimbeau (gespeel deur Leon Ecroignard) gebruik soos ‘n wiegeliedjie of ‘n mantra, terwyl dit die geluid van ‘n *mobile* bo ‘n baba se bed ook weergee.

9. **Ek en jy** Karen Zoid/Dave Manchip

Karen is besig om te werk aan verskeie projekte saam met ander sangers en daarom was Laurika verheug toe sy “Ek en jy” vir haar aangebied het om te sing. Peter M^{c}Lea beskou dit as ‘n soort liedjie wat Laurika nog nie tevore aangepak het nie. Sy het probeer om haar aanslag met die liedjie so na as moontlik aan Karen se weergawe te hou, want, sê sy, dit was perfek soos wat Karen dit self gesing het.

10. **Victoriabaai** Lucas Maree

Laurika is al lankal lief vir hierdie liedjie, maar toe ‘n bewonderaar wat haar pad al van die begin af met haar saamloop, vir haar vra om dit asseblief op te neem, kon sy nie weier nie. Dit is nie die Soweto String Quartet wat speel nie, maar dit klink so!

11. **Kom sny die papaja** *(Circa 2002)* Alet Engelbrecht/ Laurika Rauch

Die liedjie is die eerste keer op **Encore!Laurika** in 1987 opgeneem maar nooit op CD uitgegee nie. Tog het dit ‘n treffer in mense se gedagtes gebly. In die gees van nuwe interpretasies van bestaande liedjies op die album, het Peter M^{c}Lea dit herverwerk vir haar (hy het ook die oorspronklike verwerking gedoen) en nou kan diegene wat haar al so lankal vra vir die liedjie dit uiteindelik weer hoor. Peter M^{c}Lea wou met die nuwe verwerking so ‘n bietjie “speel” met die liedjie.

12. **Dans in die maanlig** Mynie Grové

In Mynie se eie woorde:

Eendag, lank, lank gelede was daar ‘n beeldskone meisie en ‘n baie sterk en aantreklike ridder. Hulle was so lief vir mekaar en dit was net ‘n kwessie van tyd dat hulle sou trou.

Maar toe kom daar ‘n nare oorlog in ‘n verre land en die dapper ridder moes weggaan om te gaan veg. Hy beloof toe aan die meisie van sy hart dat hy getrou aan haar sal skryf tot hy terugkom. Hy sal, as ‘n simbool van die tyd wat hulle weg van mekaar sou wees, van die verre land se sand in elke brief sit. So sal sy ook weet dat hy met sy voete op daardie sand gestaan het en met sy

hand sy liefde vir altyd in elke brief plaas. So moes sy ook weet dat gras oral dieselfde groen is, en dat dieselfde son wat oor hom skyn in die verre, ook op haar skyn waar sy vir hom wag.

En soos hulle elke aand van hulle saamwees gedans het van vreugde, so het hulle hierdie belofte geseël deur te DANS IN DIE MAANLIG.

Jaar na jaar en maand na maand het sy gewag. Die beeld van hulle saamwees het begin vervaag omdat sy briewe nie meer gekom het nie. Sy het sy gesig in die sterre gesoek, en haar hart het al hoe stadiger begin klop van al die wag. Haar moed vir 'n lewe sonder hom het al hoe meer gesak. Sy het alleen in die maanlig gedans met sy spookbeeld in haar arms totdat sy uiteindelik ineengestort het…

Toe hy uiteindelik terugkeer en hardloop om haar te verras, kom hy op haar af. Sy het al die sand uit die briewe gebruik om haar laaste asem op uit te blaas.

Die einde

13. **As almal ver is** Koos du Plessis

Vir Laurika was die beeld van "...as almal ver is, vind jy jouself, weerloos en eensaam, soos 'n vrou voor 'n spieël" nog altyd een van die sterkstes in afrikaanse musiek. Sy wou al lankal ook hierdie Koos du Plessis-liedjie opneem. Peter M^{C}Lea se verwysingsraamwerk met die begeleiding, was die europees/italiaanse volksmusiek, soos "O Solo Mio" - hy het die eenvoud en die soetheid van die musiek probeer behou en die liriek en Laurika se stem daarop geplaas.

14. **Halfpad om die son** Christopher Torr

In die konteks van die album, is hierdie die mees ideale liedjie om mee af te sluit - *" Sing vir my 'n liedjie van die lente, sing vir my 'n liedjie van die herfs...",* maar dis ondermeer ook 'n liedjie oor realiteit en illusie, bewus wees van iets maar dit nie noodwendig glo of verstaan nie en van vinnig en stadig. Hierdie is weer een van Christopher Torr se fundamentele, maar laag-op-laag "geskenke" aan die afrikaanse musiekskat. Peter M^{C}Lea se pragtige klavierspel kom hier pragtig tot sy reg.

<u>Verdere inligting</u>

PRODUKSIE EN VERWERKINGS: **PETER M^{C}LEA**

BEHALWE:

- "DANS IN DIE MAANLIG" – VERWERK DEUR PETER M^{C}LEA , GEBASEER OP 'N VERWERKING DEUR MYNIE GROVÉ
- "SOLLY EN MA" – VERWERK DEUR PETER M^{C}LEA , GEBASEER OP 'N VERWERKING DEUR COENIE DE VILLIERS
- "VIER SEISOENE KIND" – VERWERK DEUR WOUTER VAN DE VENTER, LEON ECROIGNARD EN CLINTON WARING, GEBASEER OP 'N VERWERKING VAN *SPINNEKOP*

INGENIEUR EN MENG:	EVERT DE MUNNIK
ATELJEE-ASSISTENT:	SARAH MCGREGOR
OPGENEEM EN GEMENG BY:	RADIO PARK STUDIOS
OMSLAGONTWERP EN UITLEG:	created@thejunction.co.za
FOTOGRAFIE:	SALLY SHORKEND
UITRUSTING:	CHRISTA B
FINALE MEESTER:	KEITH FORSYTH
ATELJEE:	DIGISOL MASTERS

- KLAVIER/ TRAPORREL/ SINTETISEERDERS - PETER M^{C}LEA

BEHALWE:

- KLAVIER OP “KOM SNY DIE PAPAJA” - AVZAL ISMAIL
- KITAAR - JUAN OOSTHUIZEN

BEHALWE:

- KITARE OP “SOLLY EN MA”, “‘N MAN STAP” - JUAN OOSTHUIZEN EN WOUTER VAN DE VENTER
- KITARE OP “VIER SEISOENE KIND” – WOUTER VAN DE VENTER EN LEON ECROIGNARD
- BASKITAAR - DENNY LALOUETTE
- TROMME EN PERKUSSIE - VINNIE HENRICO

BEHALWE:

- PERKUSSIE OP “DANS IN DIE MAANLIG”; “EK EN JY”;”JY IS VER” EN “KOM SNY DIE PAPAJA” - JAHN BEUKES
- VIOOL - DENISE SUTTON
- VIOOL - CAMELIA ONEA
- VIOLA - JEANNE-LOUISE MOOLMAN
- TJELLO - MARIAN LEWIN

BEHALWE:

- VIOOL OP “SOLLY EN MA” - MARK YANKELOVICH
- AGTERGRONDSANG - FANIE FOUCHÉ , JACO DU PLESSIS , JOE NIEMAND , WOUTER VAN DE VENTER, LEON ECROIGNARD
- BERIMBAU, PENNIEFLUITJIE - LEON ECOIGNARD
- BEKFLUITJIE - CRAIG MACKINNON
- KONSERTINA - HENNING JOUBERT
- TROMPET - MARCUS WYATT

Laurika Rauch kan gekontak word by laurika@laurikarauch.com
of tel/faks (012) 3467282

www.laurikarauch.com

Februarie 2003